


## 'N VROLIKE HART ONGEAG OMSTANDIGHEDE

📖 *"'n Neerslagtige soort mens kry elke dag swaar, maar vir 'n mens met 'n opgeruimde geaardheid is die lewe 'n fees." — Spreuke 15:15, LW.*

Ons persoonlikhede word nie net gevorm deur wat met ons gebeur nie, maar hoe ons daarop reageer. Die kleure van ons lewens word gemeng deur ons gesindhede. Dikwels het ons geen beheer oor omstandighede nie, dit kom ongenooid, soms onregverdig, soms pynlik. Maar daar is een terrein waar God ons altyd 'n keuse gee: die gesindheid van die hart. Daarom kan Paulus met vaste sekerheid skryf dat niks ons van God se liefde kan skei nie (Rom. 8:31–39). Nie omdat die wêreld sagter word nie, maar omdat die hart anders leer kyk.

Die geheim van 'n vrolike hart lê nie in 'n ligsinnige ontkenning van die werklikheid nie, maar in die gesindheid van die hart. Die denke wat gedurig gevoed word met Woord, vind rigting en rus (2 Tim. 3:16–17). Wat ons toelaat om ons denke te voed, word die toon van ons dae. Vriende, sien julle nou die belangrikheid van oë wat op Jesus gefokus bly? (Heb. 12:2). Dit waarna jy kyk, waaroor jy tob en bepeins word hoe jy sal optree in jou dag vir dag take.

'nVrolike hart het nie sy oorsprong in 'n gevoel of 'n emosionele hoogtepunt nie. Dit is nie iets wat kom en gaan saam met omstandighede nie. Dit is 'n gesindheid, 'n doelbewuste besluit om Christus te vertrou, selfs wanneer die situasie moeilik, onseker of pynlik is. 'n Opgeruimde hart sê nie: *"Alles is reg"* nie, maar eerder: *"Ek sal Hom bly vertrou, tenspyte van ..."*

💭 **Nadenke:** Koppel ek 'n vrolike hart aan emosies? Of is ek op 'n plek van rus tenspyte van moeilike omstandige?